www.xtrapapers.com



Kies **twee** onderwerpe en skryf 'n opstel van tussen **350** en **500** woorde oor **elke** onderwerp.

Kies **een** onderwerp uit **Afdeling 1** en **een** onderwerp uit **Afdeling 2.**

## Afdeling 1

**Beredenerend en argumenterend** [25]

**1 Kies een van die volgende onderwerpe:**

**(a)** Bespreek hierdie stelling: "Mure beskerm en mure beperk."

**of**

**(b)** Alle mense moet soms belangrike besluite neem. Wat is volgens jou die heel belangrikste dinge waaroor jong mense moet besluit om in die toekoms sukses te behaal in die lewe? Verduidelik waarom jy so dink.

**of**

**(c)** "Boeke in papierformaat moet so gou moontlik met e-boeke vervang word." Stel jou standpunt oor hierdie saak.

**of**

**(d)** Die regering beoog om 'n wet te maak wat fisiese tugtiging van kinders deur hul ouers of voogde sal verbied. Stem jy saam dat so 'n wet nodig is, of dink jy hierdie soort lyfstraf moet gebruik word om kinders te dissiplineer?

www.xtrapapers.com



## Afdeling 2

**Beskrywend en verhalend** [25]

**2 Kies een van die volgende onderwerpe:**

**(a)** Ons leef in 'n wêreld vol kleure en geluide. Sommige hiervan maak sekere herinneringe of emosies by jou wakker. Beskryf hoe hierdie kleure en geluide jou beïnvloed.

**of**

**(b)** Jy neem graag foto's van mense, plekke of landskappe en kyk later dikwels daarna. Beskryf 'n aantal van jou gunstelingfoto's en die tonele en omstandighede wat daardeur vasgevang is.

**of**

**(c)** Skryf 'n verhaal wat só begin: "Surina se hele liggaam bewe en sy loop-val die gebou in. Sy kan die middag nie vergeet nie. Wat gebeur het, gaan haar lewe verander."

**of**

**(d)** "Die gras is nie altyd groener aan die ander kant van die draad nie," besef Johan. Vertel wat daartoe gelei het dat hy so voel.

© UCLES 2015 

